# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (5/19)

**(Volg my op Twitter justchad_cga)**

*Justin Chadwick 1 Februarie 2019*
*(en net so is Januarie iets van die verlede!!)*

***"Trumps wall is a concern – but we will get over it" Anon - Mexican***

## PRODUSENTE MOET AGRIBEE OMARM (BOODSKAP VAN DIE VOORSITTER)

*CGA het die leierskapsrol wat ons in die transformasie van die sitrussektor speel, erken. Tot nou toe is die 20% heffing wat aan transformasie spandeer word, op swart produsente-ontwikkeling en ontwikkeling van mensekapitaal gerig. Beide hierdie aktiwiteite is noodsaaklik vir die volhoubaarheid van die Suid-Afrikaanse sitrusbedryf. Meer oor hierdie aktiwiteite kan in die CGA Jaarverslae (versprei aan elke produsent) gevind word.*
*By 'n onlangse CGA Strategiese Beplanning het die Raad besluit dat die CGA ook betrokke moet raak by die ondersteuning van produsente met AgriBEE. Om AgriBEE te verstaan en te implementeer kan 'n tydrowende oefening wees. Onlangse regeringsdokumente dui aan dat dit waarskynlik is dat hefbome gebruik sal word om te verseker dat AgriBEE wyd geïmplementeer sal word - voorbeelde van sulke hefbome sluit in waterregte, uitvoersertifisering en so gaan die lys voort. Alhoewel die inhoud van hierdie dokumente vanuit 'n wetlike en rasionele oogpunt getoets word, is daar waarskynlik addisionele druk om aan AgriBEE-vereistes te voldoen.*
*Die betrokkenheid van CGA in AgriBEE sal wees om produsente te help om die vereistes te verstaan en te help om maniere voor te stel om nakomingsvlakke te verbeter. Byvoorbeeld, produsente wat minder as R10 miljoen per jaar verdien, kan gesertifiseer word deur 'n beëdigde verklaring te stuur. CGA kan met hierdie proses help.*
*CGA het Portia Gasa aangewys om met hierdie aktiwiteit te help. Portia het 'n kort vraelys ontwikkel om te help om die behoeftes van produsente te verstaan.* ***Voltooi asseblief hierdie vraelys sodat ons Portia se aktiwiteite behoorlik kan bestuur.***
*John Purchase sal AgriBEE en die regering se gebruik van hefbome by die CGA Citrus Summit bespreek wat vanaf 12-14 Maart 2019 in Port Elizabeth gehou sal word. Vir meer inligting oor hoe om te registreer, besoek www.cga.co.za.*

Vir meer inligting, kontak gerus vir Justin Chadwick of Portia Gasa by 031 765 2514.

## ERKENNINIG AAN PERSONEEL VIR HUL JARE VAN DIENS

Desember 2018 het vyftien jare se diens van Paul Hardman aan CGA beteken. Paul het die rol van verbruikersversekering- en bedryfsake-bestuur met sy eie styl en entoesiasme aangeneem. Sy rol in die skepping van Phytclean en die vordering met elektroniese data-uitruiling sal 'n merk in die bedryf laat vir die jare wat kom. Die bedryf waardeer Paul se bydrae.
Daarbenewens het Desember 2018 ook vyf jare se diens van Deon Joubert aan CGA beteken. Die CGA se raad en ek bedank Deon vir sy bydrae tot die behoud van marktoegang - sy leiding en energie in die hantering van verskeie uitdagings word erken.

Daar wag 'n aangename verrassing vir die CGA Citrus Summit se afgevaardigdes (vir program en registrasies besoek www.cga.co.za). 'n Hoofspreker is Professor Marcos Neves van Brasilië – 'n hoog aangeskrewe landboukundige in Brasilië, Prof Neves was een van twee op die kortlys vir die Brasiliaanse Minister van Landbou (gelukkig vir ons het hy nie die pos gekry nie - anders sou hy nie vir die Summit beskikbaar wees nie). Die spesiale verrassing is dat Kaap Agri vorendag gekom het om die publikasie van Prof Neves se boek "Orange Juice Chain: Past, Present and Future" te borg. Alle afgevaardigdes sal die geleentheid kry om 'n boek, persoonlik deur Prof Neves onderteken, te ontvang.

**DIE CGA GROEP SE MAATSKAPPYE (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) WORD DEUR SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS**